

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2018/11/16		DATUM 2018/11/15		+ - LAST WEEK 2018/11/02		BY DIE GELD PUT OPSIE				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	WM	YM		
DJIA-index	25289	208.77	↑	0.8%	25081	↓	-0.4%	25381			
Goud (Spot)	1214.59	3.42	↑	0.3%	1211.17	↓	-0.4%	1232.42			
Brent \$/vat	66.65	0.85	↑	1.3%	65.8	↓	-0.3%	72.72			
1 € / US\$	1.1344	0.01	↑	0.6%	1.1279	↓	-0.7%	1.1426			
1 US\$ / ZAR	14.14	-0.190	↓	-1.3%	14.33	↓	-1.2%	14.31			
Corn	R 2 045.18	-39	↓	-1.9%	R 2 083.94						
Wheat	R 2 625.84	-49	↓	-1.8%	R 2 674.81						
Soybeans	R 4 616.78	-101	↓	-2.1%	R 4 717.77						
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)											
Corn Dec 18	367.40	-2.00	↓	-0.5%	369.40						
Wheat Dec 18	505.40	-2.60	↓	-0.5%	508.00						
Soybeans Nov 18	888.60	-7.40	↓	-0.8%	896.00						
PLAASLIKE MARKINLIGTING											
SORGHUM Mar '19	3600.00	0.00	↑	0.0%	3600.00						
WMAZ Spot	2440.00	43.00	↑	1.8%	2397.00						
WMAZ Dec 18	2450.00	45.00	↑	1.9%	2405.00						
WMAZ Jul 19	2580.00	49.00	↑	1.9%	2531.00						
YMAZ Spot	2458.00	27.00	↑	1.1%	2431.00						
YMAZ Dec 18	2472.00	30.00	↑	1.2%	2442.00						
YMAZ Jul 19	2525.00	23.00	↑	0.9%	2502.00						
SOY spot	4595.00	25.00	↑	0.5%	4570.00						
SOY May 19	4835.00	23.00	↑	0.5%	4812.00						
SUN Spot 18	5199.00	12.00	↑	0.2%	5187.00						
SUN May 19	5053.00	18.00	↑	0.4%	5035.00						
WHEAT spot 18	4271.00	-68.00	↓	-1.6%	4339.00						
WHEAT Dec 18	4305.00	-55.00	↓	-1.3%	4360.00						
WHEAT Mar 19	4421.00	-52.00	↓	-1.2%	4473.00						
WEEK NR. 28											
Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit											
WEEK TOTAAL											
JTD TOTAAL											
UITVOERBAAR											
JTD AS % VAN UITVOERBAAR											
TEMPO/WEEK BENODIG											
MIELIE UITVOERE											
WEEK TOTAAL											
JTD TOTAAL											
NOK SKATTING + REGSTELLINGS											
% GELEWER VAN OES											
TEMPO /WEEK BENODIG											
MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS											
WEEK TOTAAL											
JTD TOTAAL											
NOK SKATTING + REGSTELLINGS											
% GELEWER VAN OES											
TEMPO /WEEK BENODIG											
KORING INVOERE											
2018/19											
2017/18											
5 Jr. GEM											
WEEK TOTAAL											
JTD TOTAAL											
TOTAAL BENODIG											
JTD AS % VAN BENODIG											

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.17/\$ en het 16 sent versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die versterking van die rand kan weer grootliks toegeskryf word aan internasionale faktore met baie onsekerhede wat tans aan die gang is rakende die Brexit onderhandelinge oor die voorgestelde ooreenkomste met die EU. Plaaslik was die kleinhandelverkope syfers wat hierdie week bekend gemaak was positief gewees en dit behoort by te dra tot ekonomiese groei in die derde kwartaal van 2018. Volgens die huidige berekeninge lyk dit of daar wel BBP groei sal wees in die derde kwartaal, wat sal veroorsaak dat die land uit die tegniese resessie sal uitkom nadat die eerste twee kwartale van 2018 negatiewe ekonomiese groei getoon het. Statistiek SA maak die ekonomiese groei verslag volgende week bekend. In ander plaaslike nuus is daar tans weer baie onsekerheid in die beleidsomgewing nadat die parlementêre komitee gister aangekondig het dat artikel 25 van die grondwet gewysig word. Daar is egter nog 'n hele proses wat moet plaasvind voor dit werklik gaan gebeur en daar is nog geen sekerheid oor hoe 'n moontlike aanpassing gaan lyk nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister aanvanklik goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag, maar kon nie heeltemal aan die groot prysoenames vashou nie en die mark het slegs marginaal sterker gesluit vir die dag. Beide die Desember en Maart kontrakte het hoër gesluit vir die dag. Die verwagting in die mark vir die nuutste Amerikaanse uitvoerverkope verslag, is dat dit tussen ongeveer 500 000 ton en 900 000 ton behoort te wees. Die etanol produksiesyfers wat gister bekend gemaak was het aangedui dat die etanol produksie verlede week ongeveer 1.067 miljoen vate per dag was. Dit is effens laer as die vorige week se produksie. In ander internasionale nuus is die EU se mielie produksie skatting vir die seisoen 1% hoër aangepas vanaf die vorige maand se skatting. Die laer produksie in Frankryk en Duitsland is opgemaak deur die hoër produksie in Roemenië en Hongarye. In die Oekraïne is die verwagting dat hierdie seisoen se mielie produksie ongeveer 34 miljoen ton behoort te wees, waarvan ongeveer 80% uitgevoer sal word hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmelies wat tans gelys is. In gister se weeklike SAGIS uitvoerverslag is die weeklikse WM uitvoere op 7 133 ton gerapporteer terwyl die YM uitvoere op 6 808 ton gerapporteer word. Die totale uitvoere tot dusver vir die seisoen is 1.58 miljoen ton. Daar is 'n verdere ongeveer 141 000 ton se uitvoere wat gerapporteer word tot en met die eerste week in Januarie 2019 wat die totale uitvoere op 1.72 miljoen ton te staan sal bring.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind, met optimisme in die mark dat die handelsgesprekke tussen die VSA en China moontlik later hierdie maand sal plaasvind. Beide die Januarie en Maart kontrakte het goeie ondersteuning gevind in gister se verhandelingsessie. Die verwagting in die mark vir die weeklikse USDA uitvoerverkope verslag is dat die weeklikse uitvoerverkope tussen ongeveer 400 000 ton en 700 000 ton behoort te wees. Daar word ook verwag dat daar tussen 100 000 ton en 400 000 ton se sojaboonmeel uitvoerverkope gerapporteer sal word terwyl die uitvoerverkope van sojaboonolie tussen 5 000 ton en 30 000 ton geskat word. Die Nasionale Oliesaad Verwerkers Assosiasie het gerapporteer dat die sojaboonverwerkings gedurende Oktober 'n nuwe maandelikse rekord van 4.6 miljoen ton bereik het. Dit is hoër as die vorige maand se hoeveelheid wat verwerk is en ongeveer 5% hoër as verlede jaar dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel met die sagter rooi winterkoring mark wat ondersteuning gevind het en sterker verhandel het vir die dag terwyl die harde rooi winterkoring en die lentekoring markte laer gesluit het vir die dag. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag is dat die weeklikse uitvoere tussen ongeveer 400 000 ton en 650 000 ton behoort te wees. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die EU se sagte koring produksie hierdie seisoen ongeveer 126.9 miljoen ton sal bereik wat steeds 11% laer is as verlede seisoen se totaal. Die laer produksie is hoofsaaklik as gevolg van droë toestande wat oor groot gedeeltes van die EU geheers het. Sadi Arabië en Japan het internasionale tenders uitgesit om koring aan te koop vir invoerdoeleindes. China het gister ongeveer 12 200 ton staatsreserwe koring op 'n veiling verkoop. Dit was 1.5% van dit totaal wat te koop aangebied was op die veiling. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklike invoerverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is aangedui dat die weeklikse koring invoere 26 354 ton was. Die totale invoere vir die seisoen tot datum is 92 307 ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

